

SONDAG 5 MEI 2002
 NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
 1e OGGENDDIENS

LITURGIE

| <u>WIE</u> | <u>WAT</u> | <u>DETAIL</u> | <u>BORD/MUSIEK</u> |
|------------|--------------------|---|--|
| | Voorsang | Sakkie | Leon |
| Liturg | Welkom | | |
| Liturg | Gebed | | |
| Hannes | Lof | LB212:1-3 “Loof die Heer Hy is goed” LB205:1-3 “Bring Lof aan die Vader” LB202:1-3 “Prys Hom die hemelvors” | LB212:1-3 LB205:1-3 LB202:1-3 |
| Liturg | Voorlesing | <i>“Buite-Bybelse geskryfte vertel dat die verskillende rangordes engele met Christus se hemelvaart ‘n erewag van die aarde af tot in die hemel gestaan het. Daar het God vir Jesus met groot blydschap ingewag” (Hennie Stander)</i> | |
| Hannes | Aanbidding | LB175 “Majesteit” <i>Meta-fisies x anti-meta-fisies</i> LB171:1-2 “Heilig, heilig, heilig” (JG17) <i>Gebedslus</i> E- :1-4“Ek wil U sien Heer” | LB175 LB171 Ekwilu |
| Liturg | Wet | | |
| Gemeente | Skuldbelydenis | Stilgebed | |
| Liturg | Genadeverkondiging | | |
| Ouderling | Gebed | | |
| Liturg | Skriflesing | Mat 16:13-18, Mark 8:27, Luk 9:18 | Skrif |
| Liturg | Preek | Wie sê jy is Ek? | Skrif |
| Gemeente | Geloofsbelydenis | Almal hardop saam | |
| Liturg | Gebed | | |
| Diakens | Offergawe | Afkondigings op digitale bord | afkondig |
| | Lied | JR53:1-3 “Hy is Heer” LB223:1-3 “Aan Jesus Koning al die eer” LB417:1-2 “Jesus ons eer U” | JR53:1-3 LB223:1-3 LB417:1-2 |
| Liturg | Seën | | |

SONDAG 5 MEI 2002
 NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
 2e OGGENDDIENS

| <u>WIE</u> | <u>WAT</u> | <u>DETAIL</u> | <u>BORD/MUSIEK</u> |
|------------|--|--|--|
| Liturg | Welkom | | |
| | Lof en aanbidding (sluit voorsang in) | (Kindermusiekgroep) | Tiaan |
| Liturg | Gebed | | |
| Liturg | DOOP | Petro Goosen | |
| Hannes | Lied | LB294:1-3 “Jesus roep die kindertjies” | LB294:1-3 |
| Liturg | Voorlesing | <i>“Buite-Bybelse geskifte vertel dat die verskillende rangordes engele met Christus se hemelvaart ‘n erewag van die aarde af tot in die hemel gestaan het. Daar het God vir Jesus met groot blydschap ingewag” (Hennie Stander)</i> | |
| Hannes | Aanbidding | LB175 “Majesteit” <i>Meta-fisies x anti-meta-fisies</i> LB171:1-2 “Heilig, heilig, heilig” (JG17) <i>Gebedslus</i> “Ek wil U sien Heer” | LB175 LB171:1-2 Ekwilu |
| Liturg | Wet | | |
| Gemeente | Skuldbelydenis | Stilgebed | |
| Liturg | Genadeverkondiging | | |
| Ouderling | Gebed | | |
| Liturg | Skriflesing | Mat 16:13-18, Mark 8:27, Luk 9:18 | Skrif |
| Liturg | Preek | Wie sê jy is Ek? | Skrif |
| Gemeente | Geloofsbelydenis | Almal hardop saam | |
| Liturg | Gebed | | |
| Diakens | Offergawe | Afkondigings op digitale bord | afkondig |
| | Lied | JR53:1-3 “Hy is Heer” LB417:1-2 “Jesus ons eer U” | |
| Liturg | Seën | | |

PREEKSKETS

INLEIDING

Hierdie gedeelte kom in al drie die sinoptiese evangelies voort: Mat / Mark / Luk

Transpirant 1

| | | |
|---|--|--|
| <p>Mat 16:13-20 Toe Jesus in die streke van Sesarea Fillipi kom, het Hy vir Sy dissipels gevra: “Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?” Hulle antwoord: Party sê Johannes die Doper, party Elia, ander Jeremia of een van die profete. Maar julle, het Hy gevra, wie sê julle is Ek? Simon Petrus het geantwoord: U is die Christus, die Seun van die Lewende God. Gelukkig is jy, Simon Barjona, het Jesus vir hom gesê, want dit is nie ‘n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly, en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly.” Toe het Jesus Sy dissipels beveel om vir niemand te sê dat Hy die Christus is nie.</p> | <p>Mark 8:27-30 Daarna het Jesus en Sy dissipels na die dorpie naby Sesarea-Fillipi gegaan. Langs die pad, het hy vir die dissipels gevra: Wie sê die mense is Ek? Hulle antwoord Hom: Johannes die Doper, party sê weer Elia, en party van die profete. Maar julle, vra Hy, wie sê julle is Ek? Petrus antwoord Hom: U is die Christus!</p> <p>Toe belet Hy hulle om dit vir iemand anders te vertel.</p> | <p>Luk 9:18-21 Op ‘n keer terwyl Jesus eenkant besig was om te bid, het sSy dissipels by Hom saamgekom. Toe vra Hy hulle: Wie, sê die mense, is Ek? Hulle antwoord: Johannes die Doper, party sê weer Elia, en party: ‘n profeet van die ou tyd het opgestaan. Maar julle, het Hy gevra: Wie sê julle is Ek? Toe antwoord Petrus: Die Gesalfde van God.</p> <p>Jesus het hulle uitdruklik belet om dit vir ander mense te vertel, want het Hy gesê: Die Seun van die mens moet baie ly, deur die familiehoofde, priesters en Farriseers verwerp word, en Hy moet doodgemaak word, en op die derde dag opgewek word.”</p> |
|---|--|--|

- [Seun van die mens
- Moontlik dat die mense Hom so noem
 - Teken van Sy nederigheid (Esegiël ook so genoem)
 - Vereenselwiging met Dan 7:13 - Seun van de mens
-]

Het u al agter gekon dat die Evangelies van mekaar verskil?

Het u al agtergekom dat verskillende Bybelgedeeltes van mekaar verskil?

Waarom die verskille?

- Evangelies vir jare en jare mondelings oorgelewer en eers daarna op skrif gestel.

- Markus: 60-65 nC
- Lukas: 65-70nC
- Mattheus: 70-85nC
- Dus: mondelings oorgelewer vir 30-40 jaar voordat neergeskryf.
- Skryf vir verskillende groepe:
 - Mattheus vir Jode (“die Christus, die Seun van die Lewende God)
 - Lukas vir heidene. (“die Gesalfde”)
- Gebruik verskillende bronne.
 - Skets op transpirant.

Verskille kan maak dat mense sê:

- Ek aanvaar dit nie
- OF: hoe wonderlik is God - dat toegelaat het dat mense op verskillende maniere oor Hom dink
 - Nie ‘n solo nie, maar 4-stemmige koor.

JESUS SE VRAAG AAN DIE DISSIPELS / KERK / WÊRELD

Einde van eerste fase, begin van tweede fase van lewe

- Tot nou toe het daar baie dinge gebeur:
- Dissipels geroep.
- Wonderwerke gedoen.
- Gelykenisse vertel.
- Geleer in die Sinagoge.
- Nou: Jesus kondig nou vir die eerste keer aan dat Hy gaan sterf.
- Van hier af maak Jesus reg om te sterf.
- En nou vra Hy vir die dissipels: Wie sê die mense is EK?

Vra nie wat die Farriseërs dink nie want hulle is bevooroordeeld.

Vra wat dink die gewone mense.

- Wat is hulle gedagtes oor Jesus.
- Dink hulle Hy is die Messias.
- Glo hulle Hom?
- Aanvaar hulle Hom?
- Of is Hy vir hulle maar nog Iemand?

DIE MENSE / WÊRELD SE ANTWOORD

‘N Mens sou dink dat almal sal glo dat Hy die Messias is.

- Hy het voor hulle oë mense gesondgemaak.
- Hy het dooies opgewek.
- Hy het ouers se kinders gesondgemaak.
- Hy het blindes genees.
- Hy het duiwels uitgedryf.

Almal glo seker dat Hy die Seun van God is?

Die Dissipels se antwoord is skokkend:

Party dink Hy is...

Johannes, Elia, Jeremia:

Dis niks anders as reïnkarnasie.

Hulle het geglo dat die profete wat dood was, weer terug kom.

Hulle het al die wonderwerke gesien - maar hulle dink Hy is maar net een van die profete.

- Johannes die Doper
 - Mat 14:1-2 “Daardie tyd het Herodes, die Heerser, gehoor wat van Jesus vertel word,

en Hy het vir sy paleispersoneel gesê: “Maar dis mos Johannes die Doper. Hy is uit die dood opgewek, daarom werk die kragte in Hom!”

- Glo mense wat as martelare sterf staan weer op.
- Hy het al hierdie dinge gedoen - en die mense dink nogsteeds Hy is Johannes die Doper.
- Elia
 - Mark 9:11 “Waarom sê die Skrifgeleerdes dat Elia eers moet kom?”
- Jeremia
- Een van die profete

Ander:

- Seun van Dawid (Mt 12:23)
- Groot profeet (Joh 6:14) “Toe die mense die wonderteken sien wat Jesus gedoen het, het hulle gesê: “Hy is werklik die profeet, die Een wat na die wêreld toe moes kom.”

Dus: verskillende gedagtes oor wie Jesus is

- Meeste mense het nooit agtergekom dat Hy die Messias is nie.
- Hulle het gedink Hy is maar net ‘n gewone profeet.

Deur die loop van die geskiedenis het presies deiselfde gebeur:

Nog meet verskillende opinies oor Jesus:

- Politieke Jesus (Reimarus)
 - Jesus het nie gekom om aan die kruis te sterf nie.
 - Hy het gekom om die Jode te bevry van die Romeine.
 - Hy was ‘n politieke rebel.
 - Hy wou met die swaard die Romeinse ryk oorneem.
 - Daarom het Hy gesê: Ek bring nie vrede nie, maar die swaard.
 - En die aand voordat Hy sterf vra : Hoeveel swaarde het ons hier?
 - Ja Jesus, die vryheidsvegter.
 - Die rebel.
 - Die politikus.
 - In ons eie land het ons dit gesien en gehoor tydens die bevrydingstryd.
- Rasionalistiese Jesus (Paulus)
 - Ons moet alles met die verstand probeer verklaar.
 - Daar moet ‘n verklaring vir elke wonderwerk wees.
 - As ons dit nie kan verklaar nie, dan het dit nie gebeur nie.
 - So verklaar die voorstanders van hierdie teorie dat Jesus nie werklik die brood vermeerder het nie.
 - Hy het klomp brood en visse gekoop en weggesteek in ‘n grot.
 - Die dissipels het dit stilletjies uitgehaal en uitgedeel aan almal.
 - Almal was verstom en het in Jesus geglo.
 - Ons kry hulle vandag nog:
 - Jesus kon nie regtig opstaan nie - hoe kan iemand weer opstaan?
 - Jesus kan nie regtig mense gesondmaak nie.
 - Hoe is dit moontlik dat Jesus in die hemel en op die aarde kan wees?
 - Ja, die mense wat vir Jesus so klein maak soos hulle eie brein.
- Mitologiese Jesus (Strauss)
 - Jesus het nie regtig bestaan nie.
 - Dis net ‘n mooi verhaal soos Racheltjie de Beer.
 - Hy het nie regtig gelewe en gesterwe nie.
 - Daarom moet ons net al die mooi lesse uit die verhaal uit haal.
 - Niks van dit het regtig gebeur nie.

- Dis maar net 'n mooi storie met groot lesse.

En so sou 'n mens kon voortgaan:

- Romantiese Jesus (Renan)
- Denkbeeldige Jesus (Bauer)

In ons tyd hoor ons baie van die Jesus-Seminaar.

- Dit is 'n klomp (80) teoloë in Amerika wat hulleself die Jesus-Seminaar noem.
- Hulle probeer om te bepaal Wie Jesus was en Hoe Jesus regtig was.
- Ongelukkig glo hulle nie alles wat in die Bybel staan nie.
- Hulle sê dat die Bybelskrywers baie goed oor Jesus geskryf het wat nie regtig so was nie.
- Hulle het die verhaal so 'n biertjie aangedik.
- Hulle sê die meeste goed wat ons in die Bybel oor Jesus lees is net mense se stories oor Hom.
- En daarom sê hulle:
 - Jesus het nie regtig uit die dood uit opgestaan nie.
 - Dis maar net 'n storie wat die dissipels uitgedink het toe Jesus dood is.
 - En as 'n mens sou sê: Ja maar, Mattheus sê hulle het Hom self gesien - sê hulle dit is maar net Mattheus se storie.
 - En as 'n mens sou sê: Paulus skryf so en so - sê hulle dit is net Paulus se storie.
 - En so bly daar maar baie min van Jesus oor.
- Vir hulle is Jesus ook maar net 'n profeet gewees.
- 'n Mens met 'n mooi storie.
 - Eem van hierdie teoloë het onlangs Suid-Afrika besoek.
 - Hy sê reguit: Hy kan nie 'n God aanbid wat Sy Seun offer aan 'n kruis nie.
 - Hy noem dit "Trancendental child-abuse" (Hemelse kindermisbruik)

In ons eie land: lees ons al hoe meer van Teoloë wat Jesus bevraagteken

- Die Beeld-koerant is ook baie lief om publisiteit aan hierdie saak te gee.
- Hulle stel nie belang in dit wat die miljoene dissipels van Jesus in Suid-Afrika glo nie.
- Hulle hou daarvan om die opinie van 'n handjie vol teoloë wat nie meer vir Jesus kan aanvaar nie, vir ons weer te gee.

Dis niks nuuts nie.

Ons moenie ontsteld word nie.

2000 jaar terug het die meeste mense Hom ook nie aanvaar nie.

- Hulle het gesê: Ag, Hy is sommer 'n gewone profeet.
- Iemand soos Elia of Johannes of Jeremia.
- Hy kan nie regtig God wees nie.
- Hy kan nie regtig wonderwerke doen nie.
- Hy kan tog nie regtig aan 'n kruis gesterf het nie.

Miskien is hier vanoggend hier tussen ons iemand wat ook so sê.

- Die nuwe sillabus sê so
- Hy is maar net een van baie ander godsdienste.
- Elke kind moet die basiese waarhede van elke geloof leer sodat hy self kan kies.
- Hy is maar net een van baie.

"Wie sê die mense is EK?"

PETRUS / KERK SE ANTWOORD

Maar dan vra Jesus 'n tweede vraag:

Ek het gehoor wat dink die mense.

Maar wat dink julle van My?

Petrus (grootbek) antwoord namens hulle almal.

- “U is die Christus, die Seun van die Lewende God.”
- Here, dit maak nie saak wat die mense sê nie.
- Dit maak nie saak wat die Farriseers sê nie.
- Ook nie wat die Sadduseers en skrifgeleerdes sê nie.

Vir ons (12) wat dag vir dag saam met U leef, is U die Christus, die seun van die lewende God.

Wat ‘n belydenis!

The people called him a Prophet, that Prophet (Joh 6:14); but the disciples own him to be the Christ, the anointed One; the great Prophet, Priest, and King of the church; the true Messiah promised to the fathers, and depended on by them as He that shall come. It was a great thing to believe this concerning one whose outward appearance was so contrary to the general idea the Jews had of the Messiah.

Stel julleself voor dat Jesus vandag hier voor ons kom staan en sê:

Ek het gehoor wat sê al die mense in 2002:

- Ek het gehoor van die mense van die Jesus-seminar
- Ek het gehoor van die mens ewat sê Ek is net ‘n politieke rebel.
- Ek het gehoor van die koerante...
- Ek het gehoor wat die nuwe sillabus in die skool oor My sê...

Maar julle, Wie sê julle is Ek?

Wat sou jy vandag sê?

Wat sou Suid vandag sê?

Wat sou die NG Kerk vandag sê?

Hopelik: “U is die Christus, die Seun van die lewende God”

- As ons dit nie meer glo nie, kan ons hierdie kerkdeure toemaak.
- Dan mors ons ons tyd.
- Dan hoef ons nooit weer by ‘n siekbed te gaan bid nie.
- Dan hoef ons nie ‘n diens te hou voordat ons iemand begrawe nie.

“U is die Christus, die Seun van die lewende God”

En dan antwoord Jesus:

“Gelukkig is jy, Simon Barjona, het Jesus vir hom gesê, want dit is nie ‘n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is.”

- As jy vandag saam met Petrus kan bely: U is die Christus, die Seun van die lewende God.
- Gaan vanaand op jou knieë en sê “dankie Here”
- Uit myself uit kan ek dit nie glo nie.
- Dit maak nie sin nie.
- Dis U wat dit aan my openbaar het.
- Dis U wat help om iets te verstaan en te glo wat ek nie self kan doen nie.

En daarom MAG ek nie hoogmoedig word nie.

Want dit kom nie uit myself nie.

Dis U wat dit openbaar.

- Die belydenisskrifte sê mos: Dis die HG wat geloof in ons harte bewerk.

JESUS SE REAKSIE: OP HIERDIE ROTS SAL EK MY KERK BOU

“Jy is Petrus, en op hierdie rots sal ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.”

Stel julleself voor.

Hier is duidende mense wat nie regtig glo nie.

- Wat nie vir Jesus aanvaar nie.
- Wat sê Hy is maar net 'n spesiale mens of 'n profeet.

En hier anderkant is daar 12 mense wat glo.

- Net 12
- Duisende sê "Nee"
- 12 sê "ja"
- Dit lyk soos 'n verloorsituasie.

En nou kom die Here Jesus en Hy sê: Hierdie 12 is genoeg.

- Op hierdie 12 se belydenis sal Ek My kerk bou.
- Dit sal soos 'n rots wees.
- Maak nie saak hoe rof die see raak nie, dit sal niks aan hierdie rots doen nie.
- Hierdie kerk sal vasstaan vir eeue en vir eeue en vir eeue.
- En niks en Niemand sal dit kan keer nie.

SLOT

[Beeld van Maluti's]

In Mat 16 het God 'n rots neergesit.

70 teoloë in Amerika is te min om die rots te skuif.

'N Paar teoloë by Unisa is te min om hierdie rots te skuif.

Al die teoloë in die wêreld (saam) is nie eers genoeg om dir te skuif nie.

- En daarom kan ons ontspan.
- Ons hoef nie paniekerig te keer dat hulle die berg nie skuif nie.

Dis so interessant:

- Daar is al hierdie briewe in die briewekolom.
- Soveel mense wat sê hulle glo nie in God nie.
- Soveel mense wat sê hulle kan dit alles nie aanvaar nie.

Weet julle wat het my opgeval.

- God het nog nie 'n enkele brief teruggeskryf nie.
- Daar is nie paniek in die hemel nie.

Ek dink God lag party keer vir die paar ouens wat probeer om die berg te skuif.

[Hoe beskerm jy 'n leeu - jy beskerm nie 'n leeu nie - hy beskerm homself]

Ons hoef nie vir God te beskerm nie.

Hy doen dit self.

Hy beskerm ons.

[Kurator by 'n museum]

Ons is nie kurators in 'n groot museum wat die laaste oorblyfsels van Jesus moet bewaar nie.

Om die waarheid te sê:

- Jy kry Hom nie in 'n museum nie.
- Sy oorskot word nie iewers bewaar nie.

Hy woon in die hoogste hemel.

Hy woon in miljoene en miljoene mense se harte in hierdie wêreld.

En daarom hoef ons nie die berg te beskerm nie.

Ons heerlik op die berg op stap en die mooiste uitsig geniet.

There are many judgments and opinions of Christ, nevertheless he is known by his followers alone